

Trappe van vergelyking

Les 2

Graad 3

Trappe van vergelyking



Stella Stel

Stella stel 'n ding net soos hy is.



Veronica Vergroot

Veronica vergroot altyd alles en wil altyd beter wees as haar vriendin Stella.




Olivia Oortref

Olivia oortref altyd almal en wil altyd die beste wees van al haar vriendinne.

Flippie bl.45 en 46



- Jy weet nou al wat is trappe van vergelyking.
- Vandag doen ons die volgende groepie woorde, maar die woorde verander so bietjie.




doof




dower



doofste



groot



groter



grootste

Die een klinker verdwyn
en die f verander
in 'n w.

Vergrotende trap het
nou 'n oop lettergreep
do-wer
gro-ter

Oop lettergrepe met byvoeging van -er en -ste

Vul die woorde op bl.46 in jou flippie in.

Stellende trap 	Vergrotende trap -er (Die een klinker verdwyn) 	Oortreffende trap -ste 
doof	dower	doofste
gaaf	gawer	gaafste
skeef	skewer	skeefste
skoon	skoner	skoonste
vaak	vaker	vaakste
groot	groter	grootste
skraal	skraler	skraalste

Skryf die volgende sinne oor en gebruik die regte trappe van vergelyking.

- My ouma is **gaaf** as my mamma, maar my oupa is die **gaaf**.
- My boetie is die **stout** kind in ons huis.
- Die leeu is **groot** as die mier, maar die olifant is die **groot**.
- Wiskunde is **moeilik** as klanke.
- 'n Lemoen is **soet** as 'n suurlemoen, maar 'n sjokolade is die **soet**.



Skryf die volgende sinne oor en gebruik die regte trappe van vergelyking.

- My ouma is **gawer** as my mamma, maar my oupa is die **gaafste**.
- My boetie is die **stoutste** kind in ons huis.
- Die leeu is **groter** as die mier, maar die olifant is die **grootste**.
- Wiskunde is **moeiliker** as klanke.
- 'n Lemoen is **soeter** as 'n suurlemoen, maar 'n sjokolade is die **soetste**.

